

3 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 16:2

Fokusgedeelte: Psalm 16:2, 5-6

Ek behoort aan U!

Elke mens wil behoort en “gehê” wees. *“Wat ’n onuitputlike troos om vriende te hê by wie jy veilig voel, by wie jy nie jou gedagtes hoof te orden of jou woorde hoof te weeg nie, iemand by wie jy jou gedagtes en emosies eenvoudig kan uitstort – die koring én die kaf – omdat jy weet dat ’n lojale hand alles sal sif, wat waardevol is, sal bewaar, en die res met ’n glimlag in die wind sal strooi”* (DDM Craik, 1826-1887). Dankie vir sulke vriende.

En tog, sulke vriende gaan uiteindelik ook die weg van alle vlees en gaan heen. Vriendskap kan ook verlore gaan. Daar is net Een op Wie jy altyd kan vertrou, wat jou nooit in die steek laat nie. Die digter van Psalm 16 sê vir die Here dat hierdie een Persoon Hý is. God self het gesê: *“Ek sal jou nooit verlaat nie”* (Heb. 13:5b).

Die digter gee twee redes hoekom hy net op God staatmaak. Die een rede is dat hy aan die Here behoort. Sy hele lewe is in God se hand. Alles wat hy in sy lewe ontvang het, kom van die Here. Die ander rede hoekom hy op God vertrou, is dat hy weet dat daar niks of niemand anders is wat hy naas die Here kan stel nie. Die Here is vir hom alles in sy lewe.

En dan die pragtige uitspraak en uitnemende troos op die vraag: Wat is my enigste troos in lewe en in sterwe? (Heidelbergse Kategismus vr/ant 1): *Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort.*

Wat kan méér troosvol wees as dat of ons lewe en of ons sterwe – die uiterste teenpole – ons aan die Here behoort (Rom. 14:8)? My mees troosvolle mededeling aan sterwendes tydens my 42 jare van aktiewe bediening!

Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6

Dr. PW Bingle (Emeritus)